

DIE RUSDAG IS 'N TEKEN VIR DIE HERE SE KERK.

Barberton 2012/04/01 (09:00)

Liturgie:

ONTMOETINGSDIENS (INTROÏTUS)

1. Votum
2. Groetseën
3. Ps 84:1,2 (bl. 424)

1.1 84:1

Hoe lieflik is u wonings, HEER
der leërskaare! Hoe begeer
my siel en hunker van verlanse
om na Gods woning op te gaan
en in u tempelpoort te staan
met jubelende lofgesange.
My hart en vlees, o God, roep luid
tot U wat leef, verlangend uit.

1.2 84:2

Die mossie vind 'n huis, o HEER,
die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare,
waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak.
Gedugte HEER der leërskaare,
welsalig wie in u paleis
U altyddeur mag loof en prys!

4. Geloofsbelydenis : Die 12 Artikels

- Artikel 1: Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;
- Artikel 2: en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
- Artikel 3: wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd Maria;
- Artikel 4: wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en neergedaal het na die hel;
- Artikel 5: wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;
- Artikel 6: opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

Artikel 7: vanwaar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Artikel 8: Ek glo in die Heilige Gees;

Artikel 9: ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;

Artikel 10: die vergewing van sondes;

Artikel 11: die opstanding van die liggaam

Artikel 12: en 'n ewige lewe.

VEROOTMOEDIGINGSDIENS

1. Die Wet as spieël : Eksodus 20

TOE het God al hierdie woorde gespreek en gesê: Ek is die HERE jou God wat jou uit Egipteland, uit die slawehuis, uitgelei het.

Eerste Gebod. Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie..

Tweede Gebod. Jy mag vir jou geen gesnede beeld of enige gelykenis maak van wat bo in die hemel is, of van wat onder op die aarde is, of van wat in die waters onder die aarde is nie.. Jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n jaloerse God wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat; en Ek bewys barmhartigheid aan duisende van die wat My liefhet en my gebooie onderhou.

Derde Gebod. Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydellik gebruik nie, want die HERE sal die een wat sy Naam ydellik gebruik, nie ongestraf laat bly nie.

Vierde Gebod Gedenk die sabbatdag, dat jy dit heilig. ⁹ Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; ¹⁰ maar die sewende dag is die sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. ¹¹ Want in ses dae het die HERE die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het HY gerus. Daarom het die HERE die sabbatdag geseën en dit geheilig.

Vyfde Gebod Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee.

Sesde Gebod Jy mag nie doodslaan nie.

Sewende Gebod Jy mag nie egbreek nie.

Agtste Gebod Jy mag nie steel nie.

Negende Gebod Jy mag geen valse getuienis teen jou naaste spreek nie.

Tiende Gebod Jy mag nie jou naaste se huis begeer nie; jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd, of sy os of sy esel of iets wat van jou naaste is nie

2. **Verootmoediging Ps 119:62** (bl. 598)

Help my, HEER! Ag, hoe verlang ek
 en hoe sug ek diep en swaar
 na die heil wat U beloof het,
 na u kennis wonderklaar!
 Laat my leef; o HEER, dan loof ek!
 Laat niks my die heil ontroof!
 Laat u oordeel my tot hulp wees!
 Laat my lewe om te loof!

1. **God se vryspraak:**(Hebreërs 13:5,6)

5 Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: "Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie." 6 Daarom kan ons met vertroue sê: "Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen?"

2. **Psalm 84:3,6** (bl. 425)

84:3

Welsalig is die mensekind
 wat al sy sterkte in U mag vind,
 en op mag gaan na Sions hoogte.
 Wanneer hul haas van dors verkwyn,
 dan is die HEER self hul fontein
 waar dorsland smag van somerdroogte.
 Ook sal 'n reën hul daar oordek
 wat hul tot nuwe lewe wek.

84:6

'n Son en skild is onse HEER;
 Hy sal genade gee en eer,

want Hy word nooit sy woord ontrou nie:
 Hy sal aan almal wat opreg
 Hom dien en wandel in sy weg,
 die goeie nimmermeer onthou nie.
 Welsalig, HEER, wie op U bou,
 aan U geheel hom toevertrou.

WOORDDIENS

1. **Gebed** vir Woord bediening en alle nood
2. **Skriflesing** : Eksodus 31:12-18

Die rusdag

¹²Die Here het vir Moses gesê: ¹³“Jy moet vir die Israëliete sê: Onderhou my sabbatte. Dit is van geslag tot geslag ’n teken tussen My en julle sodat julle kan beseef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het. ¹⁴Onderhou dus die sabbat. Dit moet vir julle ’n gewyde dag wees. Hy wat dit ontwy, moet doodgemaak word. Wie op dié dag werk, moet van sy volk afgesny word. ¹⁵Ses dae kan daar gewerk word, maar die sewende dag is ’n rusdag, ’n sabbat wat gewy is aan My, die Here. Elkeen wat op die sabbatdag werk, moet doodgemaak word.

¹⁶“Die Israëliete moet die sabbat onderhou. Ook op hulle nageslag lê die verbond ’n blywende verpligting om die sabbat te onderhou. ¹⁷Dit sal vir altyd ’n teken wees tussen My en die Israëliete. In ses dae het Ek, die Here, die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Ek nie gewerk nie, maar gerus.”

¹⁸Nadat die Here op Sinaïberg met Moses gepraat het, het Hy die twee plat klippe met die getuïenis daarop aan Moses gegee. Dit is die plat klippe waarop God met sy vinger geskryf het.

3. **Heidelbergse Kategismus**: Sondag 38

Vraag 103: Wat gebied God in die vierde gebod ?

Antwoord: God wil ten eerste dat die Woordbediening en die skole in stand gehou word. Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom om die Woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, die Here openlik aan te roep en die Christelike liefdegawes te gee. Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my beseerde werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.

4. **Teks.** : Eksodus 31:12,13

ANTWOORDDIENS (RESPONSORIA)

1. Dankgebed.
2. Diens van Barmhartigheid
3. **Ps 92:6** (bl. 467)

'n Palmboom hoog en rustig,

'n seder sterk en skoon
 met breë blarekroon -
 so groei Gods volk, so lustig.
 Hul groei deur Gods genade:
 hul boei daar hoog en fris,
 waar God se voorhof is,
 in skone lofgewade.

4. **Slotseën** : Numeri 6:22-26

.²⁴Die Here sal julle seën en julle beskerm; ²⁵die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; ²⁶die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

5. A-M-E-N

Teks:

12 Die Here het vir Moses gesê: 13 "Jy moet vir die Israëliete sê: Onderhou my sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan beseef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het. (NV) Eksodus 31:12-13

Geliefde Gemeente van ons Here Jesus Christus,

INLEIDING

As daar nou één Gebod is waaroor daar onder Christene groot meningsverskil bestaan, dan is dit die vierde Gebod!

Gedenk die Sabbatdag dat jy dit heilig hou . . . 8 "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. (Eks 20:8).

Dit is waar, soos sommige beweer, dat daar wel na die ander Gebooie in die Nuwe Testament verwys word en nie na die vierde Gebod nie. Bv.

Jesus het gesê: ("Dit:) Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie, 19 eer jou vader en jou moeder en: jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (Matt 19:18,19) en

9 Al die gebooie: "Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie," of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: "Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." (Rom 13:9).

Maar dit is geen argument ten gunste van eewilligheid oor die viering van die 4e Gebod nie.

Met Nagmaal het ons opnuut bewus geword van God se verlossing uit *GENADE*. Ons is ook vermaan om te verseker dat ons nie *GENADE* nie **tevergeefs** ontvang het nie.

Sedertdien het ons na God se **Verbondseise** in die wet van die Tien Gebooie gekyk.

Vanmôre gaan dit oor die laaste Gebod op die eerste tafel van die Wet.

1 DIE SABBATDAG VAN DIE HERE VANUIT 'N ANDER HOEK.

In die prediking oor die vierde Gebod wil ons vandag vanuit 'n heeltemaal ander hoek kyk na God se wil vir sy Kerk met die 4e Gebod.

Onderhou my sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het. 14 Onderhou dus die sabbat. Dit moet vir julle 'n gewyde dag wees.....

Ons sien gewoonlik net raak dat die HERE die Sabbatdag geheilig het.

Hier sien ons egter duidelik dat die HERE óók sy Verbondsvolk vir Hom geheilig het! En die Verbondsvolk is duidelik nie net Israel van ouds nie, maar ook sy Kerk wat bestaan uit gelowiges in Jesus Christus.

Onder Christene bestaan daar twee uiterste beskouings oor die 4 e gebod

Aan die eenkant is daar 'n beskouing wat grens aan dié van die Fariseërs. Op Sondag mag jy nie . . . En dan word daar 'n lang lys van sake voorgehou wat veral vir kinders en jongmense baie moeilik is om by te bly!

Aan die ander kant is daar die standpunt dat alles toelaatbaar is op 'n Sondag AS

'n mens maar net die oggend in die kerk was!

Dikwels word die Here Jesus se opmerking teenoor die Fariseërs dan as argument vir die standpunt gebruik:

"Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. (Mk 2:27).

Hiermee vergeet hulle van die slot van dié gedeelte: *28 Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat."* . Daar word ook op die klank af 'n aanhaling uit Kolossense gemaak:

16 Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. 17 Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus. (2:16-17 NV)

Ook wat in Johannes 7:21-23 staan word verkeerdelik toegepas op 'n eewillige soort Sondagsbeskouing:

21 Jesus het toe verder vir hulle gesê: "Julle is almal ontsteld oor een ding wat Ek gedoen het. 22 Omdat Moses die besnydenis vir julle gegee het—en eintlik kom dit nie eens van Moses af nie, maar van die aartsvaders—besny julle ook op 'n sabbatdag. 23 As iemand op 'n sabbatdag die besnydenis mag ontvang om nie die wet van Moses te verbreek nie, waarom is julle dan vir My kwaad omdat Ek op 'n sabbatdag iemand se hele liggaam gesond gemaak het? (Joh 7:21-23 NV).

2 GOD WIL IN DIE 4e GEBOD TEN EERSTE

Ons moet as dankbare nasate van die 16e eeuse Reformasie die HERE dank vir die skat van die Troosboek wat aan ons nagelaat is om die Heilige Skrif beter te verstaan!

Die Troosboek vermy die kwessie van Saterdag óf Sondag. Is Sondag die Sabbatdag van die 4e Gebod of was dit slegs Saterdag as die 7e dag van die week?! Die strydpunt van die Sewendedagse Adventiste met hulle stigter, Ellen White, wat hieroor 'n openbaring sou ontvang het, word nie eers vermeld nie.

Die sabbat word die RUSDAG genoem. Klaar!

Nadruklik word die heiliging van die sabbat deur die diens van die kerk bespreek en die ewige sabbatsrus voorgehou.

God wil ten eerste dat die Woordbediening en die (teologiese) skole (waar bedienaars van die Goddelike Woord opgelei word) onderhou moet word.

Ook moet ek veral op die rusdag ywerig met die gemeente van God saamkom

om die woord van God te hoor,
die sakramente te gebruik,
die Here openlik aan te roep en
die Christelike liefdesgawes te gee.

3 GOD WIL IN DIE 4 e GEBOD TEN TWEDE

Ten tweede moet ek elke dag van my lewe van my bose werke rus en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.

Die vierde Gebod is nie net vir Sondae nie! Dit het ook nie net betrekking op hierdie lewe nie! Dit is van ewigheidsbetekenis.

Omdat die Sabbat van die HERE 'n teken vir sy Kerk is

Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het.

Niemand wat vir die HERE afgesonder is (dit is wat geheilig beteken), kan anders as om die Heilige Gees in die hart te laat werk nie.

Wie die Rusdag ontwy, verbreek dus die Genadeverbond wat God met sy Volk opgerig het.

Geen wonder dat hulle Sabbatsontheiliging naas hulle afgodsdienste die rede vir die ballingskap van Israel en Juda was nie.

'n Kerk wat die Sabbatdag as teken tussen God en sy volk misken, het geen dageraad nie. Vir so 'n kerk geld die Godspraak oor Duma:

Iemand roep na my van Seir af: "Wag, wanneer is die nag verby? Wag, wanneer is die nag verby?" 12 Die wag antwoord: "Die môre het gekom, maar dit is nog nag.

Sondagshandel, Sondagsport, die Sondagkoerant, ontspanning en lang reise op Sondag is niks vreemds meer vir hedendaagse Christene in Suid-Afrika nie.

Die vraag is: Wat dink ons Here en hemelse Vader van ons optrede?!

Dink aan Nehemia se hantering van die teruggekeerde ballinge se ontheiliging van die Sabbatte:

15 Daardie tyd het ek in Juda gesien dat mense die wynpers op die sabbat trap, en vragte koring en ook wyn, druwe, vye en allerhande pakke op donkies laai en in Jerusalem inbring op die sabbat.

Nehemia het hulle gewaarsku om nie op dié dag kos te verkoop nie.

17 (Hy) het die vooraanstaande burgers van Juda sterk aangespreek en vir hulle gesê: "Hoe kan julle so 'n verkeerde ding doen dat julle die sabbat ontheilig?"

19 (Hy) het toe opdrag gegee dat die poorte van Jerusalem gesluit moes word sodra dit daar begin donker word op die aand voor die sabbat en dat die poorte nie oopgesluit moes word voor ná die sabbat nie.

(Hy) het van sy eie dienaars by die poorte geplaas, sodat daar geen vrag op die sabbat sou inkom nie.

*(Hy) het (die handelaars en smouse) gewaarsku en vir hulle gesê:
"Waarom slaap julle hier teen die muur? As julle dit weer doen, sal ek julle straf."*

(Hy) het die Leviëte opdrag gegee om hulle te reinig en die poorte te kom bewaak sodat die sabbatdag heilig gehou sou word.

SLOT

13 As jy nie op die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf nie, 14 sal jy vreugde vind in die Here - so het Jesaja sy volk herinner.

AMEN

SLOTSEËN:

24 Die Here sal julle seën en julle beskerm;

25 die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

26 die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! (Numeri 6:24-

27 NV)